Hoe los die Apostels die probleem op?

_____

Hoe definieer die apostels hulle eie taak?

_____

Hoe definieer Paulus die karakter van die leraar? (1 Timoteus 3:2-7) _____

_____

Hy moet soos Paulus maak: _____

_____(1Korintiers 11:1)

Is hierdie 'n algemene beginsel in die Bybel, of vind ons dit net op die een plek? _____ (Efesiërs 4:11:16; Romeine 12:4-8; 1 Petrus 4:11)

Verduidelik die beginsel van; *"uitbou en opbou om uit te bou"* volgens Efesiërs 4:11-16 _____

Watter voordeel is hier opgesluit vir jou?

• Eenheid van geloof

_____

1Korintiërs 12:3-13 _____

Galasiërs 3:28 _____

• Kennis van die Seun van God

Nie *gnosis* nie maar *epignosis*

_____

Filippense 5:8-11 _____

• Groei tot volwassenheid

Romeine 8:29 _____

2 Korintiërs 3:18 _____

• Standvastigheid

Hand 20:29; 1 Tim 4:2 _____

1 Korintiërs 3:2 _____

Hebreërs 5:12–14 _____

• Balans

2Johannes 1:3 _____

Efesiërs 4:14 _____

'n Gemeente wat bestaan uit gemeentelede wat hulleself tot die gemeente se beskikking stel om toegerus te word sodat hulle die dienswerk van die liggaam van Christus gaan doen, is 'n gemeente wat in liefde uitreik na die wêreld om die waarheid van die Evangelie aan hulle te bring.

You got to be in it to win it !

Efesiërs 4:16 _____

Let op die gelowiges wat wedersydse groei in mekaar stimuleer!

Teenwoordig? Maar nie deel van God

God se plan vir die kerk is jou sleutel tot geestelike groei

Nederduitste Gereformeerde Gemeente Middelburg



Mens tot mens

Deel die beste ding en die slegste ding wat met jou gebeur het die afgelope week met mekaar.

Waarom is mense in ons tyd so onbetrokke by alles?



Mens tot God

Vra iemand om voor te gaan in gebed.

308 Neem my lewe, laat dit, Heer

---

1. Neem my lewe, laat dit, Heer,
U gewy wees meer en meer.
Laat my hart gedurig juig
en van dankbaarheid getuig.

2. Neem my hande, maak hul sterk
diensbaar in u goeie werk.
Neem my voete, skoei hul, Heer,
met bereidheid tot u eer.



God tot mens

Efesiërs 4:11-16

11Hierdie Christus het vir ons spesiale dinge gegee om in die gemeente te doen. Nie elkeen van ons het dieselfde gekry om te doen nie. Party van ons het Hy gestuur om sy boodskap op ander plekke te gaan verkondig, terwyl ander weer die gawe gekry het om spesiale boodskappe aan die gemeente self oor te dra. Dan is daar ook party wat die boodskap oor Jesus mooi vir mense kan verduidelik, ander wat mense kan help en lei as hulle hulp nodig het en ander wat soos goeie onderwysers mense stap vir stap kan leer wat die boodskap van God alles behels. 12Hierdie mense, met die spesiale gawes wat hulle gekry het, werk saam om die gemeente te help en voor te berei om hulle werk as Christene in die wêreld goed te kan doen.13Op dié manier sal die liggaam van Christus sterk word en kan wees wat dit behoort te wees. So sal ons al hoe nader aan mekaar beweeg en al hoe meer ’n eenheid vorm. Saam sal ons die Seun van God beter leer ken en meer op Hom vertrou. Dan sal ons soos geestelike grootmense word, so volwasse in ons geestelike lewe soos Christus self. 14Ons sal nie meer soos klein kindertjies onseker wees oor wat van ons verwag word nie. Ons sal nie soos ’n skip wees wat deur die golwe rondgeslinger word of deur die een wind hiernatoe en die ander wind daarnatoe gedryf word nie. Net so sal ons nie na elke nuwe godsdienstige praatjie op die mark luister nie. Mense probeer jou net met allerhande slimmighede om die bos lei om jou so op die verkeerde pad te laat beland. Maar hulle sal dit nie regkry nie. Ons sal in liefde lojaal teenoor mekaar en net op die pad van die waarheid bly. 15Ons verhouding met Jesus sal in alles net sterker word. Ons, as die liggaam, sal al hoe meer van Christus afhanklik wees, want Hy is mos die kop van die liggaam. 16Die liggaam is mooi aanmekaargesit, elke deel op sy plek, sodat elke liggaamsdeel sy eie werk doen en die ander liggaamsdele help. So groei die liggaam en word dit sterk omdat die verskillende liggaamsdele in liefde en lojaliteit mekaar help. eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

Lees van die insident wat hom in die eerste gemeente afspeel in Handelinge 6: 4 _____

Wat was die klagte van die gemeente?

_____

Is daar soortgelyke klagtes vandag?

_____